LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET
AANSOEK OM TOELATING

Die Bestuursliggaam
Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280

Ek, _____ (ouer/voog) doen hiermee aansoek om toelating vir:

NAAM & VAN VAN LEERLING : _____

Voornemende leerders / aansoekers moet kennis neem van die volgende:

1. Bestaande reëls en toelatingsvereistes moet per handtekening van die ouer / aansoeker onderskryf word.

2. Onderrig sal slegs in **Afrikaans** geskied. Aansoekers met die huistaal **Afrikaans** sal voorkeur geniet. Ander tale sal toegelaat word indien getalle dit toelaat.

3. **TOELATING PER GRAAD SAL BEPERK WORD TOT DIE GETAL LEERDERS WAT DIE SKOOL KAN HANTEER.** Voorkeur sal aan graad 1-leerlinge wat in 'n graad R-klas was gegee word. Bewys hiervan moet ingedien word.

4. Die standaard van onderwys sal gehandhaaf word op die vlak wat deur die jare opgebou is. **Geen leerling sal om watter rede ook al, bevoordeel word deur 'n laer standaard van onderrig te verlang, of daarop aan te dring nie.**

5. Van aansoekers sal verwag word om enige materiaal wat die leerders mag nodig hê vir akademiese en/of buitemuurse bedrywighede self aan te koop.

6. Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir beserings en / of skade gely, van watter aard en waar ook al, deur leerlinge van die skool nie.

7. Ons beskou geen ander skool as Laer Volkskool, Graaff-Reinet, se voedingsbron nie. Toelating tot Laer Volkskool kan nie as waarborg dien vir toelating tot 'n Hoërskool of enige ander skool nie.

8. ***GEEN LEERLING SAL TOELATING VERKRY SONDER DIE VOLGENDE DOKUMENTE*:**
   - 8.1 'n Afskrif van bogenoemde leerling se ID-dokument of **Geboortesertifikaat**.
   - 8.2 'n Afskrif van albei ouers se ID-dokumente.
   - 8.3 'n Afskrif van die Inentingsertifikaat.
   - 8.4 Vorderingsverslag van vorige skool.
   - 8.5 Oorplasingsbrief van vorige skool.

TOELATINGSVEREISTES

Die Bestuursliggaam behou die reg voor om die toelatingsvereistes te verander soos omstandighede dit vereis.

Toelating van leerders tot Laer Volkskool Graaff-Reinet geskied op die volgende basis met inagneming van omstandighede oor 'n breë spektrum.

- ***DIE ETOS VAN DIE SKOOL***
  Die etos van Laer Volkskool Graaff-Reinet moet gehandhaaf en uitgebou word nl.
  - Christelike gefundeerde onderwys
  - Bestaande tradisies

- ***OUDERDOM***
  Leerlinge se ouderdom moet by die gemiddelde ouderdom van die graad aanpas. Graad 1-leerlinge moet reeds ses jaar wees met die aanvang van hul skoolloopbaan.

SKOOLFONDS / ONDERRIGGELDE
FINALE BETALINGS MOET VOOR OF OP 31 OKTOBER GESKIED

Leerlinge wat van buite Laer Volkskool se bedieningsgebied kom, d.w.s. waar daar 'n staatskool anders as Laer Volkskool nader aan u woning is, en die ouers nie hul skoolfondsverpligtinge nakom nie, sal gevra word om hul kinders na 'n ander skool te neem. U is dan nog steeds verantwoordelik vir die agterstallige skoolfonds.
Finansiële hulp sal ongelukkig nie toegestaan word aan leerlinge wat buite die bedieningsgebied van LVS val nie.

VERBEURING VAN TOELATING
'n Leerder verbeur toelating as:

- die leerling nie die vereistes, soos by toelating onderneem is, nakom nie;
- die leerling 'n verleentheid vir die skool is;
- die leerling nie sal baat vind by die onderrig van die skool nie. (Samesprekinge sal eers tussen die onderskeie belangegroepe plaasvind.)

BAIE BELANGRIK - VERKLARING EN ONDERNEMING
Ek die ondergetekende, versoek hiermee dat my seun / dogter toegelaat word as leerder van Laer Volkskool Graaff-Reinet en aanvaar al die toelatingsvereistes van die skool. Ek onderneem verder om my stiptelik te hou by my skoolfondsreëling hierbo.

Ek neem kennis van wat in aanmerking geneem sal word voordat toelating kan geskied.

HANDTEKENING – OUER / VOOG : _____

DATUM : _____